*Sedert 22 September 1956: Oral voor Gods aangesig*

**Sondag, 25 Januarie 2026**
**3e Sondag ná Epifanie**

## Die medisyne van verlossing...

*"Hy het my gestuur om 'n goeie boodskap te bring aan magteloses, om dié met gebroke harte se wonde te verbind."*
(Jesaja 61:1)
*"Wat is makliker, om te sê, 'Jou sondes is jou vergewe,' of om te sê, 'Staan op en loop'?... Jesus het hulle geantwoord: 'Gesonde mense het nie 'n dokter nodig nie, maar wel die siekes.'"*
(Lukas 5:23 & 31)

Wanneer Jesus vir Levi (Matteus) roep om Hom te volg, gaan daar deure oop wat vir eeue gesluit was, in elk geval in die gedagtes en harte van mense. Om hierdie rede vind ons die weerstand van die geestelike leiers van die volk in Lukas 5. Toe Jesus die ander dissipels geroep het, sou die mense gedink het: "Wat wil hierdie Rabbi met vissermanne as volgelinge maak?" Hulle was nie die jongmanne wat die aandag van die leiers van die volk getrek het nie. Maar die roeping van Levi was anders. Hier gaan die hemelse deure oop vir mense wat reeds deur die samelewing afgeskryf was as onredbaar! Jesus ontbloot die krag van verlossing wanneer Hy vir Levi uit sy donker wêreld roep na die lig. Dan nie net as gelowige nie, maar as volgeling, as dissipel. En die wonderwerk is, dat presies dieselfde as wat by die visserman dissipels staan, ook hier van Levi gesê word, naamlik dat hy *"alles net so gelos"* en Jesus gevolg het. Verlossing is so kragtig dat dit nie net red nie, maar dat dit selfs "slegte" mense se lewens in totaliteit omkeer. Die visserdissipels het hulle nette, hulle bote en die familie besigheid agtergelaat. Levi se "*alles*" is sy rykdom, sy leefstyl, sy ou lewe…

En wanneer die kritiek dan kom, antwoord Jesus met Messiaanse woorde: *"Gesonde mense het nie 'n dokter nodig nie, maar wel die siekes".* Jesus se woorde gryp terug na die belofte van God in Jesaja 61 – naamlik dat Hy iemand stuur wat die gebrokenes se wonde sal verbind. Iemand wat sal gesond maak wat stukkend gebreek is. Iemand wat soos 'n dokter sal wees vir die wat by die dood omdraai. Nie alleen siek na liggaam nie, maar veral na siel. Hulle het dit pas voor hulle oë sien gebeur toe 'n verlamde se liggaam genees is as bewys dat die Messias hom kan red van sy sonde.

Loof God, die Dokter is hier!

**– ds. Johan Marais**

Hartlik welkom by ons eredienste vanoggend – in die kerk gelei deur ds. Johan Marais en ons orrelis, dr. Johan Cromhout; in die saal ds. Janke Hurter en Matildie Wium. Welkom aan besoekers, nuwelinge en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel.

**Ons lees tans die Lukas-evangelie, en met die oog op Jesus se woorde oor vergifnis (selfs sewentig maal sewe keer).**

## LITURGIE

| | | |
|---|---|---|
| **Votum:** | Liturg: | *Dit is deur die troue liefde van die Here*<br>*dat ons nie omgekom het nie,*<br>*ja, sy ontferming ken geen einde nie.* |
| | Gemeente: | *Dit is elke oggend weer nuut –*<br>*groot is u getrouheid.*<br>*Amen* (Klaagliedere 3:22-23) |
| | | Lied: 171:1 & 2 Heilig, heilig, heilig |

**Seëngroet**

**Loflied:** Lied 456:1, 2 & 3 Loof, heel die skepping, loof die Heer
(Beurtsang: Mans "Kom en prys Hom!"
Vroue: "Halleluja!")

**Samevatting van Wet:** Rom 13:8-10

**Verootmoediging:** Lied 238:1, 2 & 3 God, enkel lig, voor u gesig

**Vryspraak**

**Danklied:** Lied 245:1 & 2 Ek wat vergifnis, Heer, ontvang het

**Gebed**

**Skriflesing:** Lukas 5:27-32

**Woordverkondiging:** Tema: Die medisyne van verlossing

**Gebed**

**Geloofsbelydenis:** Apostoliese Geloofsbelydenis

**Liefdegawes:**

**Slotlied:** Lied 205:1, 2 & 3 Bring lof aan die Vader

**Seën, Amen en Orrelnaspel**

Jy is welkom om met die orrelnaspel weer te sit en nog 'n oomblik van nadenke te geniet.

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 18 Jan | 15:00 – Teol. Std. Steve Popane (Sothodiens)<br>18:00 – Ds. Jan Lubbe: *Diens van Woord, stilte en gebed* (Taizé) |
| Sondag, 1 Feb | 09:30 – Ds. Jan Lubbe; gesinsdiens in saal – ds Johan Marais.<br>15:00 – Teol. Std. Steve Popane (Sothodiens)<br>18:00 – Ds. Janke Hurter met Miané Smit (Jeugdiens) |

**Kleingroep/Wyksbyeenkoms, Sondag 8 Februarie 2026**

Ons eerste kleingroep/wyksbyeenkoms vir 2026 gaan oor die tema van **"70"** in die Bybel, 'n paar besondere tekste daaroor en die boodskap vir ons gedenkjaar in Berg-en-Dal – almal welkom. Plekke en tye word volgende Sondag in Fokus geplaas…

## MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

25 Jan. Hannes Bezuidenhout en Allan Collins.
26 Jan. Hannetjie Beneke, Christiaan Bothma, Cindy Engelbrecht, Jan Erasmus en Deon Loots.
27 Jan. Anna Dixon, Enrico Reitz en Du Preez Swanepoel.
28 Jan. Hendrik Burger, Colette du Plessis en Mereen Jordaan
29 Jan. Flip Benade (96), Lorraine Bosch en Andries Janse van Rensburg
30 Jan. Maria Jacobsz, Pieter Liebenberg en Christa Strydom.
31 Jan. Luan Bezuidenhout, Amelia Coetzee, Jacques Malan, Carin Roets, en Marthinus Viljoen.

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Nico Wilson (Albrechtstr. 122, wyk 7a); Oom Johan Badenhorst (Siësta, wyk 10) en Hercules Pretorius (Noorderbloem). Ons dink ook elkeen wat 'n sieke of verswakte familielid moet ondersteun.

Ons innige meegevoel aan die families van Tannie Vilca Rawlins (Sewe Damme 77, wyk 8b) en Tannie Magriet Benade (Santé, wyk 18b) met hul heengaan; Tannie Vilca se gedenkdiens was gisteroggend hier in Berg-en-Dal, en Tannie Magriet s'n môre-oggend om 11:00. Ons bid hul geliefdes, en in besonder Oom Flippie Benade die Here se troos toe.

Vir Pastorale Sorg:
As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe. Kontak gerus ds. Johan Marais (084 517 8052), wat ons pastorale werk koördineer, of maak 'n afspraak met een van ons leraars vir 'n tuisbesoek of 'n gesprek hier by die kerk.

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**
Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.
**Hierdie week begin ons Bybelstudies vir 2026:**
Woensdagaand-Bybelstudiegroep (19:00) – in die Konsistorie o.l.v. ds. Jan Lubbe: *"Sewe tekste uit sewe dekades van Berg-en-Dal se lewe voor Gods aangesig – I: 1956."* Indien jy wil inskakel, whatsapp jou naam na 082 784 9362 (ds. Jan).
Woensdagaand 'Lighthouse'-Bybelstudiegroep vir jongmense 19-30 o.l.v. ds. Janke Hurter: *"Die ewige Koninkryk. Vind troos en hoop in Daniël"*. Indien jy wil inskakel, whatsapp jou naam na 078 894 9166 (ds. Janke).
Donderdagoggend-Bybelstudiegroep (09:00) in die Konsistorie o.l.v. ds Johan Marais: *'n Padkaart vir die lewe*. Indien jy wil inskakel, whatsapp na 084 517 8052 (ds. Johan).

## KERKRAADSAKE

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:**
**Barmhartigheid**, **vrywilligers** en **Wyk 6** (blok rondom Willem Postma Laerskool) sorg in Januarie vir ons gasvryheid; in Februarie is **Wyke 7** (blok tussen kerkgebou, Prellerplein en Emily Hobhouseplein) en **8** (blok noord van Emily Hobhouseplein) aan diens; Sondae met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter. Indien jy graag ook hiermee wil help kontak die Kerkkantoor (073 180 3193).

## KANTOORPERSONEEL



Denise Louw
(Skriba)



Marthina van Zyl
(Kassier)



Pieter Wilken
(Terreinbestuurder)

**Kontak ons gerus met enige navrae oor ons gemeentelike lewe.**
Daar is vanoggend 'n **Inligtingstafel in die binnehof**, met alle inligting, ons Almanak 2026 en katkisasieboeke beskikbaar – kom kry wat jul nodig het om in Berg-en-Dal tuis te kom en mee te leef. Veral nuwe intrekkers! Oudlimate: kom dateer ook jou inligting op ons datastelsel op.
**Kerkkantoorure:** Maandae tot Vrydae, 08:00-14:00.

## BEDIENINGE

**Ons bedieningsvergaderinge begin volgende week – datums en tye op die Almanak.**
Ons nooi jou uit om betrokke te raak, 'n hand en bietjie tyd te gee, en 'n verskil te maak in ons gemeente, rondom en verder.

**GEMEENTEBEDIENING**
**NG Kerk Vrystaat Vroue-konferensie** te Amanzi met dr Roedolf Botha as spreker – kontak Germarie Adendorff indien jy nog wil saamgaan (079 038 4038).

**GETUIENIS- EN BARMHARTIGHEID**
**Gemeentemark:** Ondersteun ons eerste Gemeentemark vir 2026 op Vrydag, 30 Januarie vanaf 08:00 tot 14:00. Skenkings van bruikbare klerasie & kombuisware is welkom! Ook, nog vrywilligers wat kan kom help uitpak of verkoop; kontak 078-991-8013.

**Werkersklas:** Hervat op Dinsdag, 3 Februarie 2026 – ons nooi alle huishulpe uit na hierdie kuier- en naaldwerkklas; geen koste; almal welkom! 📞 Marina Hegter by 083 740 3481...

**Siësta Sorgsentrum:** Siësta, Hospice en Pro Care bied bekostigbare verblyf vir individue of families wat tydelik verblyf benodig naby 'n geliefde, bejaarde of iemand wat behandeling ontvang. Kontak Viaan (083 394 7473) of Santjie (082 458 6469).

**EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE**

SnapScan

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dank-baarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter onder-steuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/projek vir die betrokke Sondag – vanoggend, 25 Januarie: **Erediensnetwerk.** U kan 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per SnapScan na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632005).**